Nuusbrief / Newsletter **MARCH 2016**

GALLAGHER
Trusted Worldwide

www.pmfsa.co.za

This e-newsletter is compiled from sources that are deemed to be reliable.
However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.

Long-awaited assessment to commence

After 14 months of getting the required paperwork in place and assessing issues raised by co-funders, the funding contract for having the Nelson Mandela Metropolitan University conduct a scientific assessment on predation-related matters has been concluded. Woolworths, Cape Wools SA, Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (DAFF), SA Mohair Trust, as well as the Department of Environmental Affairs are the co-funders of the project, which aims to conduct strategically determined research, taking into account the problems and needs of the livestock industry, the various environmental (ecological) requirements and research needs.

Assessment is scheduled to be concluded in 2018 and the outcome of the assessment will provide sound, science-based guidelines to mitigate problems caused by predation, especially by jackal and caracal.



Predation management information centre high on agenda

At a recent meeting of the Predation Management Forum, the discussion of the tender applications for a Predation Management Information Centre (PMIC) took precedence over other matters. The Red Meat Research and Development SA (RMRD SA), the research structure for the red meat industry, is the official mechanism for predation research and the two tender applications will be evaluated and a recommendation made to the PMF.

The framework for a predation management manual was accepted and Agri Connect will be responsible for drawing up, printing and distributing the manual. It will serve as a marketing tool at functions, road shows, courses, etc. and is seen as adding value to farming enterprises.

The efforts by the PMF to approach national and local suppliers to investigate initiatives for providing cheaper fencing were discussed and encouraged. Leon de Beer was tasked to proceed with further negotiations.

>>>

From left: Thomas Mbedzi (DEA), Guillau du Toit (PMF & NWGA chairman), Petrie Maré (SAMGA), Coligny Stegmann (SAMGA), Lardus van Zyl (RPO), Leon de Beer (NWGA), Karen Grobler (Agri Connect), Eardly Rudman (WRSA) en Magdel Boshoff (DEA).

Hoe vang mens 'n rooikat in die Overberg?

Willem Coetzee soek raad met 'n rooikat wat verwoesting saai onder sy lammers in die Overberg.

Dr. Gerhard Verdoorn verduidelik hoe om die rooikat te vang:

1. Jy sal 'n rooikatvanghok moet kry; vra onder die bure rond of iemand dalk een vir jou kan leen as jy nie alreeds een beskikbaar het nie.
2. Maak die hok goed skoon met kokende warm water, veral die trapplaat.
3. Probeer die rooikathok stel daar waar die kat rondbeweeg en veral as jy sy looppaadjie kan opspoor. Die hok moet langs sy looppad gestel word. Moet geen bedekking oor die hok plaas nie.
4. Plaas lokaas soos karkasreste van 'n lam wat gevang is, agter in die hok.
5. Maak 'n klein bolletjie van aluminiumfoelie so groot soos 'n tennisbal en hang dit in die middel van die hok aan 'n stukkie wol op.
6. Probeer 'n mak kat se urine in die hande kry soos byvoorbeeld in die sandboks wat mense vir hul katte gebruik. Sprinkel dit dan op die vloer van die hok.
7. Neem ingewande soos skaaplewer en maak sleepspore van omtrent 100 m uit verskillende rigtings na die hok toe.
8. Plaas dan ook daardie lewer in die hok.
9. Inspekteer die hok elke oggend vroeg om te sien of jy wel 'n rooikat gevang het.

Skakel dr. Verdoorn by 082 446 8946 vir enige verdere navrae.

Wees gewaarsku – 1080 nie noodwendig wettig nie !

Natriummonofluoorasetaat (1080) is 'n gevaarhoudende stof wat onder die Wet op Gevaarhoudende Stowwe (Wet 15 van 1973) gereguleer word. Dit is 'n skedule 1, kategorie A-gevaarhoudende stof wat aan sekere vereistes ingevolge die Wet onderworpe is. 'n Persoon wat met 1080 wil handel dryf, moet ingevolge die Wet 'n lisensie daarvoor bekom: sodanige lisensie moet deur 'n amptenaar van die Departement van Gesondheid uitgereik word.

Die enigste aanwending van 1080 wat volgens die Wet gemagtig is, is in die gifhalsband. Geen ander gebruik van 1080 is ingevolge die Wet gemagtig nie.

Betreffende die gebruik van 1080 vir die beheer van skadeveroorsakende diere, is daar ander beperkings wat ook op 1080 van krag is benewens die vereistes van Wet 15 van 1973. Alle provinsiale bewarings- en jagordonnansies stel die gebruik van enige gifstof vir die doodmaak van diere as 'n verbode aktiwiteit tensy 'n doelmatige permit daarvoor bekom is.

Dus: alhoewel die Departement van Gesondheid aan iemand 'n lisensie mag uitreik om 1080 te verkoop, is dit steeds die aankoper se verantwoordelikheid om die nodige permit te bekom om 1080 op watter wyse ook al te gebruik, hetsy in die gifhalsband of in lokaas van watter aard ook al. Indien iemand dus 1080 lokaas aankoop en nie 'n permit vir die gebruik daarvan het nie, is die persoon aanspreeklik ingevolge die provinsiale bewaringsordonnansie. Dit is ook bekend dat 1080-lokaas deur sekere landboubesighede verkoop word; geen een van hulle het 'n lisensie om dit te verkoop nie en hulle dryf dus onwettig handel met 'n skedule 1, kategorie A-gevaarhoudende stof.

Anatoliese honde vir boere in KZN

Deon Cilliers van Cheetah Outreach het tydens 'n vergadering van die KwaZulu-Natal Predasiebestuursforum in Februarie 2016, 'n program bekendgestel waar honde onder sekere voorwaardes landswyd aan boere oorhandig word. Boere word 'n jaar lank in die hantering van honde begelei, waarna die diere aan die boer geskenk word. Vyf honde is reeds ingevolge hierdie program aan boere in KwaZulu-Natal aangebied.

Die resultate sover sluit in:
- Veeverliese is op alle plase tussen 90% en 100% verlaag.
- Op alle plase in die program is alle dodelike vorme van predasiebeheer deur die boere gestaak.

Sy aanbevelings sluit in:
- Identifiseer die hond wat geskik is vir jou vee.
- Koop jou hond van 'n goedgekeurde teler.
- Kry advies en bystand van 'n kenner om jou in die eerste jaar by te staan.
- Klein hondjie moet tussen sewe en 12 weke oud wees.
- Gebruik in 'n kraal of in ekstensiewe weikampe.
- Laat 'n bindingstydperk van ses tot agt weke toe.
- Stel die hond aan die res van die kudde bloot.
- Neem gedragsprobleme fyn waar.
- Die hond moet minimale kontak met mense hê, maar 24-uur kontak met vee.
- Die hond moet aanvanklik nie by enige jong lammers geplaas word nie.

Cheetah Outreach het 'n voltydse teenwoordigheid in die Noordwes en Limpopo en is besig met loodsprojekte in die Wes-Kaap en Vrystaat. Die program se welslae word gekoppel aan die lewering van ondersteuning aan boere in alle stadiums van die proses. **Vir verdere navrae oor die program bel Deon Cilliers by 082 853 1068 of skryf aan hom per e-pos by cheetah@intekom.co.za.**

Accreditation of predation management training

The Department of Environmental Affairs (DEA) published draft norms and standards for the management of damage-causing animals in South Africa, for public participation in 2011. The draft norms and standards propose that persons must be adequately trained to use methods for the management of predators for which permits are required.

The PMF has requested the DEA to consider issuing permits to professional predation managers (as required by legislation) who have successfully completed the predation management course presented by Niel Viljoen. The course was officially revised to be aligned with related unit standards of the SA Qualifications Authority (SAQA).

A meeting was consequently arranged for 1 March 2016 in Pretoria to discuss this matter and was attended by representatives of provincial conservation authorities, as well as Leon de Beer and Niel Viljoen representing the PMF. Magdel Boshoff from DEA chaired the meeting and the following recommendations were made for consideration by DEA and provincial conservation authorities:

1. Niel Viljoen's course should be the benchmark and should set the minimum standard for course content for course attendees meeting the requirements of the course assessment, who should then be issued with permits.
2. A general introductory course on predation management should be presented to all farmers, farmworkers, extension officers, trainers, etc. interested in predation management training before specialising in various control methods.
3. A specialist course should be presented and attended by persons who have successfully completed the general course. This course should be aimed at training specialists on the various management tools as appropriate, i.e. "call and shoot", leg-holding devices, cages and all other methods that will require a permit as specified by legislation.
4. Experienced persons in predation management (i.e. trainers, hunters, trappers, etc.) without any proof of a recognised training qualification may be afforded an assessment in Recognition of Prior Learning (RPL) to qualify for specialist training without the requirement to complete an introductory course.
5. DEA and provincial conservation authorities should consider and approve trainers and training institutions at their own discretion for the purpose of meeting permit requirements.
6. This course will not replace the existing training capacity within the respective departments, but will be in support of and add needed capacity to train interested parties to required levels of competency.
7. DEA and provincial conservation authorities should consider accepting the outcome of the specialist course in any province.

Span Agri-Alert teen ongediertes in

Agri-Alert fokus daarop om veediefstal en veeverlies weens ongediertes te bekamp. Veediefstal en veeverlies weens ongediertes is sekerlik die grootste onnatuurlike faktore wat veeboere kniehalter, en dit is Agri-Alert se fokus om 'n werkbare en volhoubare oplossing aan boere te lewer wat die boer waarsku sodra daar by sy veekuddes gepeuter word.

Agri-Alert is 'n trots Suid-Afrikaanse maatskappy wat hulle daarop toespits om boere en boeregemeenskappe by te staan in hul stryd teen veeverliese. Ons bedien die hele Suid-Afrika vanuit ons hoofkantoor in Potchefstroom, Noordwes.

Die afgelope paar jaar het vele suksesverhale opgelewer waar ons boerderye wat hulle bedrywighede weens veeverliese wou stop, kon bystaan om die sukkelende veeboerdery in 'n suksesvolle een om te keer. Vir baie boere was Agri-Alert die finale probeerslag om die veeboerdery te maak werk, en dit was die regte besluit! Soveel te meer dat baie van ons kliënte met vrymoedigheid hulle veekuddes kan uitbrei in die wete dat die Agri-Alert-stelsel hulle sal waarsku indien hulle vee deur diefstal of ongediertes bedreig word.

Talle boeregemeenskappe het ons genader om hulle te help om hul probleme rondom veeverlies hok te slaan. Dit is 'n baie positiewe gebaar as 'n gemeenskap teen 'n probleem saamstaan.

Dié uitkoms is 'n meer doeltreffende oplossing, wat tot voordeel van almal is, omdat die breë probleem aangespreek en beëindig kan word.

'n Ander verskynsel wat algemeen waargeneem word, is dat sodra 'n boerdery die Agri-Alert-stelsel aanskaf, die bestuur van die kudde asook ander aspekte van die boerdery baie meer doeltreffend word. Die Agri-Alert-stelsel fokus primêr op voorkoming van veeverlies, maar weens verskillende boere se behoefte daaraan het die maatskappy op hul produkreeks uitgebrei om ook ander bates soos sonpanele, stoordeure, hekke en watervlakke van waterkrippe te kan monitor.

Stuur inligting

U word vriendelik versoek om gereeld enige inligting rakende predasie, wenke oor bekamping/voorkoming, insiggewende nuus, aktiwiteite wat in bedrywe aangaan, datums, suksesverhale rakende sekere beheermetodes en interessante navorsing en foto's aan Bonita by **nwga@nwga.co.za** te stuur.